

O E S T Y D

4de kwartaal 2010

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

FRANKRYK : Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien

Uittreksel van die 31 Augustus 2010 nuusbrief :

Ons staan in die begin v 'n nuwe skooljaar: Claire gaan nou-al Graad 1 toe en sy kan nie wag nie! Thomas is minder entoesiasies om met skool te begin. Sébastien soek net sy Pa die hele tyd en is altyd vol glimlagte. Hy dink nou dat hy "groot" is (20mde) en begin nou self eet en wil dieselfde kos as al die ander hê.

Die swangerskap van Sophie vorder: sy's egter baie naar en gooi gereeld op, en verloor baie gewig (sy' nou op 50kg). Sy is nou 2 en half maande swanger. Sy het ook heelwat probleme met spatare op haar bene agv die swangerskap. Ons het vanoggend d 1ste echografie gehad: d baba se lyfie is 5,5cm lank.

My Ma, wat in 'n koma was, het vlgs die drs wonderbaarlik herstel ("...lemand daarbo moes iets daarmee te doen hê...") en is terug in die ouetehuis. Sy's nog baie swak en kan nie self eet nie.

Bediening

Ek moet ook 'n reeks v 7 bybelstudies + agtergrond kommentaar vir die ekumeniese bybelstudiegroepe van Toulouse oor d boek Openbaring uitwerk

Daar is 'n paar ander projekte vir die jaar wat voorlê:

- Stigting van 'n 2de huisgroep (oos en wes Toulouse)
- Stigting van couples en jongwerkendes groep
- Opleiding van nuwe intrekkers in die gemeente

- Beplanning vd Algemene Sinode in Toulouse Maart 2011
- Besoek aan Rome April 2011 saam met d jeug
- Evangelisasieprojek Junie 2011 saam met 'n span vanuit RSA (gereël deur Johan Bloemhof & Loffie Schoeman)

Finansies: RSA-besoek en motor

My onverwagte besoek aan Suid-Afrika het ons nogal finansiëel gekos: 1300 euros. Baie dankie aan NGK Secunda wat R5000 bygedra het tot my uitgawes. Indien ander ook kan help, sal dit waardeer word.

Verder het ons motor ook probleme gegee wat ons 1200 euros kos (6 weke gelede moes ons d 4 bande vervang: 350€). Ons wil (wou???) die motor verkoop om iets 'n bietjie groter te kry, maar nou weet ons nie meer nie. Indien daar met hierdie uitgawes gehelp kan word, sou dit baie waardeer word.

Uittreksel van die 25 Oktober 2010 nuusbrief :

Interkerklike erediens: Ons het Sondag (24/10) ons gemeenskaplike erediens gehad. Dit is deur die "Evangeliese en Protestantse 'broederkring'" van Toulouse gereël en het +- 20 kerke versamel. Die tema vd dag was "die kerk en sy kulturele diversiteit". Ek het by d geleentheid gepreek. Die opkoms was minder as wat ons ver wag het: 600 mense. Die middag het ons 'n bespreking rondom etniese kerke gehad met 5 dii van hierdie kerke wat hulle ervarings kom deel het.

Konsert Haïti: Die 9de Okt het ons 'n konsert vir Haïti gereël en het 600 kaartjies verkoop. Die saal vd munisipaliteit het ons 3000€ gekos, maar om die ou end het hulle dit vir ons gratis gegee. Prys d Here.

Escapade: Ons het tot dusver 2 byeenkomste v ons studente, enkellopendes en jongwerkendes gehad. Ons was 10. Dit het baie goed afgeloop en hou goeie potensiaal in. Bid hiervoor. Vlge byeenkoms is 5 Nov: lofsang en gebedsaand.

Gebedskamer by lughawe: Ek's deel vd klein ekumeniese komitee (protestant, katoliek, ortodoks, anglikaan) wat teen einde Nov 'n voorstel moet indien vir 'n gebedskamer by d plaaslike lughawe.

Ekumeniese bybelstudiegroepe: Die inleidende gesamentlike byeenkoms vir die interkerklike bybelstudiegroepe het goed afgeloop. Ek het dit aangebied en die inleiding oor Openbaring te gee. Ek's nou besig om d ander Bybelstudies oor Openbaring vir d komende jaar uit te werk.

Kersfees: Ons Kersdiens en -ete die 12 Des. Bid asseblief hiervoor.

Streeksinode: Ons het ons streeksinode einde nov.

Teologiese kommissie: Ons werk ook teen 'n spoed om 'n sekere hoeveelheid werk voor einde Januarie af te handel. Een vd lede wat prof in Nuwe Testament is, gaan vir 'n jaar buiteland toe en ons probeer soveel moontlik v sy kennis gebruik te maak om kerk se standpunt oor basiese geloofswaarhede uit te werk in verstaandbare Frans.

Nuwelinge: Ons het 'n paar nuwe mense wat by die gemeente inskakel: Jean-François, José, Zola, Mélanie & Christophe, Micela en Michel, Yseult & Antoine, Sara & Landry - om 'n paar te noem. Die afgelope twee jaar het ons gemeente ook heelwat mense v Kameroen bygekry. Bid asb vir d opvolgwerk vir hierdie mense: d meeste is vêr vd Evangelie af, maar stel belang.

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

Nuusbrief van Augustus 2010

Early this morning, as I sat down to start with a History of Christian Worship assignment, my heart filled with tears for a few prominent leaders within the Cambodian International Christian Community. God allowed me to see and hear more than I would have liked to. It is so much easier to have surface interaction than to come alongside those who are hurting, those who are struggling ... those who starve emotionally as basic human needs are not satisfied. I see the rawness of emotional pain, feelings of rejection, anger, bitterness, longing for fulfillment ... and so much more. I came alongside them by just being there, by being available, by challenging with questions and sometimes just taking them for a coffee, to a classical music concert, a massage ... As I cried and prayed for them I realized I need my personal support basis to increase. I need you to pray for me and I need to establish somebody trustworthy here that I can share and pray with 1) to enable me to stay objective and 2) to allow God to do what is on His heart for these special people and 3) to prevent that this supporting role does not become a personal burden. Please stand with me in the gap for Christian leaders (not only in Cambodia) they struggle just like us with personal problems and imperfections. They are also sometimes overcome with the sorrows and burdens of life in this imperfect world.

How can one ignore?

I was told of yet another belief in this country - if a couple have sex soon after the birth of their child (they need to wait at least 3 months) the woman will die. So according to this culture this woman is under the death sentence for her actions. She is really sick, her voice is hoarse and she is extremely skinny, she has been sent to the village by her husband to die. Even if it is spiritual, emotional or physically she needs help. We laid hands upon her and prayed for her. I've started to arrange for her to be evaluated in the city, by foreign doctors. Please pray with me for her.

Veritas

We got the books back from Viet. I am really saddened by Pastor Aim's conduct. He used a broken motorbike to travel to Viet – to redone the engine cost \$30. As we've done research with the list of problems, related to the motorbike he borrowed, it was clear that he could have not traveled with it before it was fixed. It's not the first time I was confronted with the integrity of a pastor; somebody I respected and thought highly of. As we told him we are not going to give the money his reaction was extremely negative ... he said he was angry at God as God stopped to look after him and God caused the motorbike to break, he immediately left the prayer meeting, he attended, for the village. In my heart there is the lingering question of uncertainty – did he maybe told the truth, did the fact that we asked him to go to Viet caused him now to struggle financially?

It seems as if there is always heaps of admin I do not really understand – though all our general work is up to date. We still need to proofread module 3, 4 and the translations of the accreditation 'forms'. Next week Saran will be in the office and he and I will do as much as possible of it. I need to train them with regards to Mod 3. I contemplating to ask Nary to help me with the proofreading – a person needs to read the Khmer and I evaluate it against the English.

Other

Medical work ... I still love to be involved at Daughter's clinic and the Methodist Bible School asked me to help them on Tuesday giving H1H2 (swine flu) preventative injections to their pastors. Please cover this with your prayers as well.

Motobike... the saga ended with many tears. I bought another motorbike, though remembered the brand new one that was stolen; I cried instead of worshiped. Today I can thank God again – I have a motorbike and is 'mobile', not matter that it does not handle as easy as the previous one – does one really have to enjoy a motorbike or is the biggest goal transport? And maybe ... there are physical benefits to reap from the kicking, pulling, pushing and arm lifts! Kicking – to start it,

pulling it onto the stand, pushing it as the petrol meter is not working well caused it to run out of petrol and then the ignition lights stop working.

Nuusbrief van September 2010

Verlede maand het 'n dag besoek na die village waar Sok se Kerk is en die voedingskema kinders my met vreugde gevul. Dit is vir my altyd 'n seen. Sok en sy vrou praat nou al lankal saam dat hulle vir my my eie kamer wil aanbou sodat ek vir naweke daar kan gaan bly, miskien moet ek help om dit te laat gebeur.

Die doel was om sommer net deel te wees en ook van die kinders se versorgers te ontmoet. Ambivalente gevoelens het in my hart gespeel; dankbaarheid oor die hulp wat ons bied maar ook hartseer om die armoede te ervaar en te sien hoe die sakke rys op die fietse gelaai word. Nietemin ... dié projek maak 'n groot verskil; kinders het kos om te eet en kan skool toe gaan.

Ek is dankbaar dat iemand R500 'n maand inbetaal vir my bediening in Kambodja. Ek kon die geld aanwend om 'n vrou in die village wat regtig siek is dokter toe te laat gaan. Ons weet nie wat die diagnose is nie maar kan sien dat sy beter word. Ons loof die Here daarvoor.

Daughters

Ek geniet my betrokkenheid by Daughters erg baie. Ons is besig om die kliniek op te skerp. Die plan is om die mediese diens so te lewer dat dit die vrouens bemagtig word, in plaas van om afhanklikheid te skep.

Daughters bemagtig die vrouens deur vir hulle kleinbesigheid vaardighede aan te leer; o.a. die maak van klere, juwele ens. Baie skete ontstaan agv swak beligting, swanger vroue wat voor die masjiene sit en nie gedurende die dag opstaan om hulle litte te rek nie, stoele, beligting, swak sig etc. Ons is besig om te kyk wat ons hieraan kan doen.

Ons is 2 verpleegkundiges wat elk 'n halfdag 'n week 'n algemene kliniek 'run'. Iemand anders is verantwoordelik vir die swangskap kliniek. Terwyl sy op vakansie is (November-Desember) sal dit my verantwoordelikheid wees.

Goeie nuus

Ons het weer fondse vir Bybels Sangboeke gekry. Die beste nuus is dat 'n hoërskool onderwyser gevra het vir 6 Bybels vir die skool biblioteek!!!! Bid saam dat die Heilige Gees deur die Bybels baie saadjies sal saai en dit harte sal omkeer. Dankie KSM.

Veritas bediening.

Dit gaan voor die wind met die bediening. Ons is besig om in die akkreditasie proses in te beweeg. Die personeel sal die eerste ouens wees wat aan dit blootgestel word sodat ons die vertalings en die proses kan evalueer. 'n Uitdaging is dat die regering nie huidig enige Christen organisasie se registrasie hanteer nie. Ons moet vir 'n onbepaalde tyd wag. Dit is vir ons nogal moeilik – hulle kan die bediening stop as hulle agterkom wat ons doen. Die het wydreikende implikasies.

Hier heers groot opgewondenheid omdat ons beplan om as VCCam span SA te besoek (Februarie 2011). Die 3 manne is almal besig om Engels te leer en selfs 'n paar Afrikaanse woorde.

'n Personeel lid bekendstelling "My name is Theng Tharoath, I was born on 25 December 1981. In my family there are three people: My wife, daughter and I. I have received Christ on 9 January 2000 and I got baptism on 24 December 2000.

I've been worked as Facilitator with VERITAS College for one year. I think that VERITAS College is very good for all the people in the world. There are many Pastor and Leader in the provinces; they have neither opportunity nor ability to study Bible College in the city. But praise the Lord Jesus Christ that VERITAS bring Bible College to them so that they can know how exegesis or interpret bible correctly.

I want to thank God that He uses me as a VERITAS College facilitator. So I feel that I am following the God Commandment in Matthew 28:19-20: Go then, and make disciples of all the nations..... Teaching them to keep all the rules which I have given you. Thanks that God completed my vision which I can go everywhere to train and help pastors and leaders how to bring God's word correctly to either their congregations or people in the community."

Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

Facebook inskrywing op 7 Oktober 2010

Allen concluded with the three-year course with the elders training, and the school is now closed for the year. Chabwe School - is also still going strong. Radio project - the programmers started recordings on the youth and children programs. Allen is working on a one to one ministry in town.

Freddie Swart skryf oor MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING

Nuusbrief van 26 September 2010

Anthonie Welman het in Augustus vanjaar Gurue besoek tydens sy bywoning van die Igreja Reformada em Mozambique se sinode sitting in Milange. Hy het 'n verslag saamgestel van sy vergaderings op 29 Augustus met verteenwoordigers van die verskillende kerke, die programvervaardigers en Allen van der Merwe, bestuurder van die opname ateljee. Ons noem graag enkele punte uit die verslag.

Die versoek is steeds dat die bediening sal uitbrei na 'n eie onafhanklike radiostasie of ten minste vir die versterking van die sein vir 'n groter opvangsgebied. Almal is opgewonde oor die projek en dank is uitgespreek teenoor elke ondersteuner van die bediening op watter wyse ookal wat die bediening moontlik maak. Programme word gereeld evalueer deur die pastore met die programvervaardigers ten einde die goeie kwaliteit en relevansie daarvan te verseker. Agt programme word tans weekliks uitgesaai - Maandae tot Vrydae in Lomwe en Vrydae tot Sondae in Portugees. Belangrik is dat die vier programvervaardigers gereeld saam bid. Kinder- en jeugprogramme word tans deur die kerkies opgestel waarna dit opgeneem en geredigeer word vir uitsaai-doeleindes.

Daar is 'n groot behoefte vir Bybelse ensiklopedië/kommentare in Portugees en verdere opleiding vir die programvervaardigers vir geestelike en tegniese vaardighede. Vervoer blyk noodsaaklik te wees en sal die aankope van 'n 50cc motorfiets ter waarde van R7,000 (in Gurue) ernstig oorweeg moet word. Nuwe rekenaars blyk ook noodsaaklik te wees aangesien die tweedehandse rekenaars vroeër vanjaar geskenk nie aan die verwagtinge voldoen het nie en heelwat krag verbruik.

Intussen is Gurue Radio Ministry (GRM) se finansiële state vir 2009/10 finansiële jaar ook ge-oudit en in orde bevind.

Tydens die vergadering van Omwiwa Yesu Bestuurskomitee op 3 Julie is die volgende aanstellings gemaak in die vakante poste: programvervaardiger (Alexandre Uiston), tesourier (Pastor Lucas

Oliveira Vuruca) en sekretaris (Eusebieu Alberto). Alexandre en Lucas se persoonlike inligting is bekom en word kortliks weergegee.

Alexandre is lidmaat en ouderling van die Igreja Reformada em Mozambique kerk te Calani gemeente. Hy het kategetiese ondergaan en is gedoop met belydenis van geloof. Weens sy kennis van die Bybel en volwassenheid van geloof het hy uitgestaan bo die ander kandidate tydens die onderhoude gevoer. Alexandre is getroud en het vier kinders. Hy moet nou 'n huis in Gurue bou sodat hy naby die opname ateljee kan wees. Terselfdertyd moet hy sy landerye 30km buite die dorp ook onderhou waar hy sy kos plant om van te leef. Hy vra voorbidding vir die werk waartoe hy geroep is volgens sy oortuiging.

Pastor Lucas O. Vuruca getuig as volg:

Op 20 Julie 1999 het 'n persoon gepreek uit Ps.37:5 en 1 Joh.1:9, dit het my aangeraak, ek het my sondes bely, Christus aangeneem as my Verlosser en Jesus in my hart ontvang. Daar het 'n groot verandering in my lewe gekom, want Christus leef nou in my en daar het 'n begeerte in my opgekom om die Woord van God te verkondig. God het toe vir my as persoon begin gebruik soos Jesaja 6:8-9 sê. Ek het gereageer op die Here se roep en gesê: hier is ek, stuur my. Ek is eers na die telogiese skool van OM (Operasie Mobilisasie) in Macuba gestuur. Daarna is ek na die Instituut van Hoër Christelike Opleiding gestuur in die Tété Provinsie. Ulongue-Angonia was die dorpie se naam. Ek is nou 'n sending pastor in Gurue en bedien die volk van God in die omgewing. Ek is getroud en het 5 kinders. Deur die genade van God het my hele familie tot bekering gekom.

Bid asseblief vir:

- Alexandre, Lucas, Eusebieu, hul gesinne en beoefening van hul roepings met blydschap en entoesiasme;
- Omwiwa Yesu - saamwerk as 'n span tot voorbeeld van ander;
- Die produksie van kinder- en jeugprogramme - dat dit vrug mag dra;
- God se leiding, beskerming en voorsiening asook vir guns by die plaaslike owerheid en gemeenskappe.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Via Sending Sonder Grense word 53 kinders asook enkele gesinne in Oekraïne en Moldawië deur lidmate van ons gemeente geborg. Ons Kategesekinders borg ook 'n seun in Oekraïne, naamlik Sergiy Denysenko (gebore 25/12/2000). En vanaf Maart 2010 word 'n seun (Vadym Ovsichuk, gebore 10/3/1998) en 'n dogter (Iryna Zhuchenyha, gebore 17/6/2002), albei in kinderhuise in Oekraïne, deur die Taakspan Sending namens Rietfontein-Suid Gemeente geborg.

Des 2010 is dit 20 jaar terug dat kommunisme tot 'n val gekom het en die Berlynse muur letterlik afgebreek is. Ongelukkig het kommunisme 'n slegte nalatenskap: bankrot regerings, erge armoede, geweldige maatskaplike probleme, en oorvol kinderhuise (bv: in Oekraïne is daar 300 kinderhuise, en in Roemenië is daar 630).

Ek is steeds, met toestemming van ons gemeente se Diensverhoudinge Taakspan en Kerkraad, besig om op van die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. Ek probeer om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise borge te kry teen R160 per maand (dit is genoeg om in hierdie oud-kommunistiese en -Russiese lande vir alle basiese lewensmiddele wat 'n kind nodig het, te betaal, asook in hul geestelike, opvoedkundige en emosionele behoeftes te voorsien).

Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word (deur myself by Afrikaanse kerke, en deur Helena Lindeman by Engelse kerke), raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg. Party verkies om eerder 'n bydrae (vanaf R80 pm) tot die Cernoleuca kindershuis in Moldawië te maak - dit beteken 'n verskil in 35 kinders se lewens - en ander verkies om eerder 'n gesin te help borg (om sodoende te keer dat daardie gesin se kinders in die kindershuis land). R600pm is nodig om in die behoeftes van 'n gesin te voorsien, maar ons deel dit op in 4 borgskappe van R150 pm elk.

Hou asseblief aan om die Here te dank vir sy seën op hierdie bediening, en bly bid vir nuwe afsprake vir 2011 – dat gemeentes bereid sal wees om vir my 'n preek- en aanbiedingsgeleentheid tydens veral 'n oggenddiens te gee.

Indien u deurlopend (so een keer per week via sms) terugvoer wil kry en vir hierdie saak wil bid, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235 of by taitgesin@yahoo.com

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of by bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

OPERASIE KERSLIEFDE - 'n projek tans aan die gang by SSG

Die lewe is moeilik en uiters hard vir die armes in die gure winters van Oos-Europa. Kos is skaars of daar is glad nie kos nie. Baie mense word siek. Baie is moeg, moedeloos en van alle illusies gestroop. Ons het 'n verassing vir hulle. Duisende mense ontvang pakkies wat items insluit waaroor hulle andersins net kan droom. 'n Operasie Kersliefde-pakkie is 'n ware Kersgeskenk en die enigste luukse wat die gesin gaan ervaar. Dit is 'n boodskap van hoop en liefde in 'n seisoen wanneer gesinne veral behoeftig en kwesbaar is.

Periode wanneer OKL-pakkies versprei word:

Die tydsraamwerk waarin pakkies versprei word is amptelik Desember vir al die veldlande behalwe Oekraïne. In Oekraïne word Kersfees in Januarie gevier agv die Ortodokse kerk se jaarkalender wat gebruik word. Donasies en goedere moet betyds gekoop en verpak wees sodat dit die behoeftiges betyds kan bereik. Die tydsberekening is dus altyd belangrik. Daar is egter ook 'n program met Gesinsorg-pakkies waarby gesinne dwarsdeur die jaar baat.

Totale aantal pakkies:

'n Minimum van 30 000 pakkies sal aan kinders, bejaardes, gestremdes en gesinne oor Kersfees 2008 gelewer word.

Inhoud van 'n OKL-Pakkie:

Ons doelwit is om die OKL-pakkie met so veel as moontlik korporatiewe skenkings te vul. Korporatiewe skenkings is goedere wat aan Sending Sonder Grense geskenk word deur maatskappye in Europa, Amerika en Kanada. Dit spaar ons geld en verhoog die waarde van elke pakkie. Elke pakkie bevat tipies blikkies vleis, poeiermelk, babakos, koffie, sopmengsels, rys, kookolie, suiker, meel, pasta, ingelegde vrugte en groente. Daar is ook lekkergoed en speelgoed vir die kinders en 'n Nuwe Testament of ander Christelike boeke vir die hele gesin. Elke pakkie weeg gemiddeld 12kg en kos ongeveer R225 - indien u hiertoe 'n wil bydrae maak.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait
012-333 2470

Koerde
Dana

Cobus de Waal
082 749 7846

Mosambiek radiostasie
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange
012-331 3953

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Taakspan vir Sending

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)